# RUBELLA
## (DUITSE MASELS)

’n Geskatte 17 865 gevalle van rubella is in 78 lande tydens 2022 aangemeld. – WGO

Garden Route
DISTRICT MUNICIPALITY | UMASIPALA WESITHILI | DISTRIKSMUNISIPALITEIT



### WAT IS RUBELLA

- Dit is ’n aansteeklike siekte wat deur die rubella-virus veroorsaak word.
- Dit staan ook bekend as Duitse masels.
- ’n Persoon wat nie immuun teen rubella is nie, kan deur ‘n besmette persoon aangesteek word.

### OORDRAG

- Rubella word versprei wanneer ‘n persoon blootgestel word aan speeksel nadat iemand gehoes of nies het. Dit kan selfs versprei deur spoeg wanneer ‘n besmette persoon asemhaal of praat.
- Dit is een van die mees aansteeklike virusse onder die mensdom.

### WIE IS IN GEVAAR

- Sodra ’n persoon rubella gehad het, is hulle immuun teen die virus; om dit vir ‘n tweede keer te kry is baie skaars.
- Enige iemand wat nie immuun teen rubella is nie, kan deur ‘n besmette persoon aangesteek word.
- Diegene wat ingeënt is, word beskerm teen ernstige simptome.
- Vroue wat rubella tydens swangerskap kry, is in groot gevaar (dit kan tot miskraam en ernstige geboortedefekte lei).
- Kinders is ook in groot gevaar (veral in kleuterskole, laer-en hoërskole).

### INKUBASIETYDPERK

- Simptome begin wys tussen 12 en 23 dae nadat ‘n persoon aan die virus blootgestel is.
- ’n Persoon is aansteeklik 7 dae voor simptome begin wys, tot 7 dae nadat die simptome verdwyn het.
- Babas wat met kongenitale rubella-sindroom (KRS) gebore word, kan die virus tot ’n jaar lank na blootstelling, steeds oordra.

### TEKENS EN SIMPTOME

- Rooi uitslag (begin op die gesig en nek)
- Loopneus
- Ligte koors (gewoonlik onder 39 grade celsius)
- Hoofpyne
- Hoes
- Rooi oë (konjunktivitis)
- Seer keel
- Naarheid

## 3 MANIERE OM JOUSELF TE BESKERM

### Inenting

Rubella kan deur inenting voorkom word. Besoek ‘n kliniek vir meer inligting.

### Vermy Kontak

Moenie in fisiese kontak tree met iemand wat rubella het en aansteeklik is nie. Swanger vroue moet diegene met rubella vermy.

### Handhaaf Higiëne

SEEP

Was jou hande deeglik en gereeld met seep en water.